### *Die materialisme*

**203** (**Jarah spreek**) Helaas, deur die tye heen gebeur daar, altyd deur toedoen van die sogenaamde dienaars van Elohim, ongehoorde gruwels! Dit veroorsaak egter dat die mense wat betroubare berigte daaroor hoor, en self ook nie onkundig is oor Elohim se woord nie, hulle dan elke dag steeds meer gaan afvra: 'Wat beteken dit? Wat is Elohim se woord? Kan dit binne die sin van Sy woord Elohim se wil wees dat die verkondigers van Elohim se woord, van Sy liefderyke wil, Sy barmhartigheid, Sy sagmoedigheid en Sy vrede, pure hebsugtige, liefdelose en brutale duiwels word ten opsigte van hul medemens?'

[2] En kyk, sulke vrae is goed, want dit is die eerste dryfvere waardeur die mensdom tot egte selfstandigheid kom. Sonder hierdie selfstandigheid kan hy nooit deur `n goeie en nog minder deur `n slegte, in ‘n sekere sin helse dwang, tot ware geestelike vryheid kom nie; en sonder vryheid is daar vir die siel en haar gees geen ewige lewe nie.

[3] Dit is waar, `n mens word by die sien van die doen en late van die priesters dikwels deur regverdige ergernis verskeur en haas verteer. Mens sou dikwels luidkeels wou uitroep: 'Meester! Het U dan geen bliksems, geen hael, geen swael en geen pik meer om hierdie tiermense te straf met die grootste krag van U goddelike toorn nie?' Maar dan praat daar `n sagte stem uit die binneste van die hart en sê: 'Wees slim en wys, en kyk waar jy loop. As jy op die pad `n adder sien loer, ontwyk dit dan; want die hele aardbodem is nog lank nie met adders bedek nie!'

[4] Ook die nag moet daar wees, net so goed soos die dag, sodat die mens die waarde van die lig erken. Oordag het geen mens behoefte aan die lig van ’n lamp nie, maar as die nag kom, voel elke mens baie smartlik die afwesigheid van lig. So dikwels as wat dit vir hom moontlik is, steek hy `n lig aan en `n swak skynsel maak sy kamers vir hom meer aantrekliker as die so dikwels aardse donker wat voorkom.

[5] Kyk, as die Meester die mense goed van allerlei aardse goedere voorsien, word hulle baie gou hoogmoedig en dan begin hulle te veel vir hul liggame te sorg. Soos wat die edele saadkorrel deur haar omgewing haarself te veel versadig het uit hierdie grond en gou verteer word, so verteer hulle siele, waarin die goddelike gees woon, omdat sy nie van die liggaam die regte hoeveelheid krag ontvang het om die goddelike gees in haar te laat ontkiem tot die ewige lewe nie. En dit is nou juis deur Elohim voorgeskryf en Elohim het dan ook oorspronklik vir daardie einddoel die siel aan die liggaam gegee. Maar waar die siel deur haar liggaam verteer is, kom natuurlik in plaas van edele vrugte ook maar net dorings, distels en allerlei slegte onkruid te voorskyn, waarvan `n mens helaas geen druiwe en vye kan oes nie!

[6] So `n mens is dan egter geestelik ook net so goed as dood! Hy weet niks meer van iets geesteliks af nie. Hy verloën al die geestelike en vermaterialiseer alles. Buiten die growwe materie, bestaan daar vir so `n mens niks meer nie. Sy maag en sy baie wellustige vel is die twee gode waarvoor hy dag en nag bereid is om elke offer te bring. Vir sulke mense bestaan Elohim nie meer nie, en wanneer sulke mense uiteindelik, soos wat dit nou jammerlik genoeg verseker dikwels voorkom, selfs nog priesters en dienaars van Elohim word, sal `n mens tog hopelik nie lank hoef te vra nie: 'Waarom het hierdie suiwer knegte van die vlees, vir wie uit die aard van die saak die woorde: siel, gees, Elohim en Sy hemele niks anders as verouderde, digterlike, fantasiebegrippe uit die taal is, priesters en dienaars van Elohim geword?' Kyk maar eers net na hul uitpeulende buike, dan sien jy ook die duidelikste antwoord lewend voor jou!

[7] Vir sulke bringers van die woord van Elohim bly dit natuurlik om te ewe of hulle die gemeentes wat aan hulle toevertrou is met brood uit die hemele, of met drek uit afskuwekkende putte versadig, solank as wat hulle maar net koninklik daarvoor betaal word! Dit hoef ons daarom ook nie al te veel te verbaas nie as ons van die kant van die tempel dikwels dinge hoor wat ons van ontsetting byna heeltemal laat verstar en verstyf.

[8] As die algeheel materiële mens dit eenmaal sover gebring het dat hy van die waardigheid van menswees, skaars meer voel as vir `n paddastoel wat uit verrottende modder opskiet - watter edele, menslike eienskappe moet `n mens dan van so `n moddermens verwag? `n Mens moet hom daarom as `n afskuwelike adder met sy flitsende tong langs die pad verskuil laat lê en `n ander plek sonder adders gaan uitsoek op die groot aardbol. Want die Meester is met elkeen wat Hom waaragtig soek, en verlaat nooit diegene wat hulle in hulle ellende na Hom wend nie!

[9] Almal van ons wat aan die oewer van ons binnesee woon, was alreeds vir ‘n lang tyd `n speelbal van die tempel. Hulle ontsien Judéa soveel as wat maar moontlik is, maar in plek daarvan moes ons Galileërs die tempelpriesters reeds lankal enersyds as suiwere sondebokke en andersyds as melkkoeie dien - maar daarvoor het ons die voorreg dat die glansryke Lig baie gouer vir ons in alles en oor alles opgegaan het, terwyl Judéa haarself nog in die diepste nag bevind.

[10] Ons sien eerste die baie selfsugtige vraatsug van die tempelgrond, waarmee ek natuurlik die priesterdom bedoel, en bevry ons soveel moontlik van hulle. En ons, wat ook edel saad van Elohim is, **verspil ons innerlike lewenskiemkrag nie aan die vul van die groot maag van die tempel nie,** maar ons rig ons volgens Elohim se orde, wat ons steeds meer binne-in ons herken, en staan daarom nou al as `n veelvoudig geseënde vrug vry op die groot en mooie akker van Elohim. Die Judeërs, Mesopotamiërs en die wat in die suide woon sal egter nog `n hele tyd nodig hê voordat hulle besef dat hulle

narre is wat die meeste vir die gek gehou was deur die tempel!

[11] Deur hierdie taamlik uitgebreide antwoord op my vraag, sal elkeen van die aanwesige gaste hier hopelik erken dat die meisie uit Genésaret al baie goed weet wat sy moet verstaan van die beskikkinge en die toelatinge van Elohim! Maar U, o Meester, vergeef my genadiglik dat ek voor U en tewens aan U gewyde sy so baie lank en soveel, waarby miskien ook nuttelose sake, bespreek het! Ek wou daardeur egter sekerlik nie die grootte van my kennis laat sien nie, maar, omdat dit nou so uitkom, alles slegs ronduit sê soos wat my hart dit eerlik en opreg voel!"

### *Die onkruid bly as bemesting agter*

**204** **Ek** sê: "Liewe dogter van My hart, Ek sê vir jou: Jy het nie ‘n woord te veel of te min gesê nie! Daarom gee Ek julle ook almal die raad om alles wat hierdie meisie nou gesê het, **te onthou, daar goed aandag aan te skenk en daarvolgens op te tree**. As iemand egter kommentaar het, laat hy dan opstaan en praat!"

[2] Na hierdie uitnodiging kom **Judas Iskariot** na vore en sê: "Bykans met alles stem ek nie saam nie, hoewel ek origens die wysheid van die meisie baie bewonder, want sy praat soos `n baie goed geskrewe boek." - Toe swyg hy.

[3] **Josoë** snou hom egter letterlik toe: "O vreeslik onsinnige en uitermatige dom mens! Het jy dan nie gehoor watter getuienis die Meester Self aan die lieftallige Jarah gegee het nie, en jy wil dan nog met alle punte van haar antwoord verskil? O, laat ons dan maar eers iets hoor van jou onbevredigde, oorgrote domheid, en dan sal ons wel sien met watter drek dit gevul is! Maak jou dom oë tog oop, ou os! Kyk eers, hier langs my sit `n engel van Elohim uit die hoogste hemele, sy wese is suiwer lig. En hier sien jy die jong wyse spreekster na die hart van Elohim, en naas haar hopelik die Meester Self, wie se Gees hemel en aarde en alles wat bestaan geskep het, en tog wil jy ondanks die getuienis van Elohim nie heeltemal saamstem met iets uit die toespraak van die lieftallige Jarah nie?! Sê eers wie jy egter is om so onbeskaamd met Elohim te wil redetwis!"

[4] Hierdie kragtige woorde van Josoë maak baie indruk op Judas en hy trek hom dadelik terug en gaan baie bedeesd op sy bank sit; want vir die aangenome seun van die hoë Cyrenius het hy baie bang geword, en hy sit baie stil op sy plek.

[5] Maar **Josoë** sê verder: "Is hy nie een van die eerste leerlinge nie? Daardie gesig kom my bekend voor, ek het hom in Násaret gesien! Ja, ja, dit ís hy! Hy is een en dieselfde wat in Násaret ook al, as ek my nie vergis nie, altyd oorhoops gelê het met `n sekere leerling, Thomas!"

[6] **Jarah** sê: "Laat dit daar, edele Josoë! Kyk, as hierdie leerling net so `n groot begripsvermoë sou gehad het soos jy en, alle lof aan die Meester, ook ek, dan sou hy swyg, net soos die ander broers en vriende, en in sy hart diep daaroor nadink. Maar omdat hy beslis `n baie harde hart het, verstaan hy elke hoëre of dieperliggende waarheid baie moeilik! En as hy tóg iets aanneem, kan hy dit meestal nie bewaar nie, omdat hy in sy ineenverkrimpte hart nooit heeltemal plek het vir iets groots en verhewe nie! Laat hierdie mens daarom met rus en bekommer jou nie oor hom nie!"

[7] **Josoë** sê: "Jy het weer heeltemal gelyk! Maar weet jy, so `n klein teregwysing sal hom gladnie skaad nie, **want ek weet dat hierdie persoon baie dikwels uit sy beurt praat. Hy wil altyd die voorste haantjie wees**, en almal moet by hom raad vra. Dit gebeur natuurlik nooit, omdat die ander baie wyser is en meer begrip het as hy, en daarvoor vererg hy hom heimlik. Daarom is hy ook altyd ietwat bekrompe wraaksugtig, maar dit help hom niks nie, want hy word dikwels, net soos nou, op `n onsagsinnige manier tereggewys deur leerling Thomas, wat `n egte wyse man is!"

[8] **Jarah** sê: "Ja, ja, dit het jy goed ingesien, want ek herinner my nou ook so `n twisgesprekkie in Genésaret! Die Meester weet seker beter as ons waarom Hy hierdie leerling in Sy geselskap duld; ek sou hom lankal weggestuur het! Hierdie mens het iets heel spesiaal afstotend vir my, en ek sou alles daarop verwed dat die hele geselskap nog eendag deur hom in baie groot moeilikhede gaan kom. Ek vertrou naamlik nooit mense wat die persoon waarmee hulle praat, nie in die oë kan kyk nie! Dit lyk asof hulle altyd bang is dat hul onsekere oog hul bose hart sou verraai. En juis hierdie leerling het hierdie kwellende eienskap wat my so heeltemal teenstaan! Wel, ondanks dit duld die Meester hom tog en Hy moet seker `n baie wyse rede daarvoor hê!"

[9] **Ek** sê aan Jarah: "Dogter van My! Kyk, jy het sopas self in jou toespraak werklik buitengewoon goed die rede aangegee wat aan elkeen sonhelder duidelik maak waarom daar deur My naas die koring ook die onkruid geduld word. En weet jy, hy is ook so `n onkruidplant op My goeie akker. As die goeie koring egter in My skure versamel word, sal hy as onkruid op die land bly staan en verbrand word om die sware grond te bemes en te belug!

[10] Die grond moet wel belug wees sodat die edele vrug goed daarop kan gedy - maar weet jy, al te los mag dit ook nie wees nie, want in te losse grond kan die wortels geen vaste grond vind nie. Kom die hitte dan en kom daar soos gewoonlik groot storms daarna, dan verdroog die wortels baie maklik saam met die vrugstengel. En as daar dan weer ‘n storm kom, word sulke vrugstengels moeiteloos ontwortel, verdor dan op die land en lewer geen vrug nie! Daarom is daar vir die kweek van kinders van Elohim altyd meer `n swaar as `n losse grond nodig; en omdat dit so is, moet `n mens dit hom laat welgeval as êrens naas die koring ook onkruid uit die swaar grond gaan opkom! Want dit word nie as oes ingebring nie, maar dit bly agter vir bemesting van die grond, sodat die volgende gesaaides `n nog ryker oes kan lewer as wat daar tot nog toe die geval was. - Het jy My verstaan?"